

- (1) Alle graad 8 meisies moet 'n vraelys invul aangaande hul deelname aan die volgende sporte: Atletiek (A) Netbal (N) Sagtebal (S)

Die volgende inligting is uit die vraelyste versamel:

- ⇒ 4 meisies neem deel aan atletiek en speel netbal, maar nie sagtebal nie.
- ⇒ 7 meisies neem deel aan atletiek en speel sagtebal, maar nie netbal nie.
- ⇒ 10 meisies speel netbal en sagtebal, maar neem nie deel aan atletiek nie.
- ⇒ 24 meisies speel netbal, maar nie sagtebal nie en neem ook nie deel aan atletiek nie.
- ⇒ Daar is 40 meisies wat aan atletiek deelneem.
- ⇒ 53 meisies speel sagtebal en 56 meisies speel netbal.
- ⇒ Daar is 8 meisies wat nie aan een van die drie sporte deelneem nie.

- (a) Teken 'n Venn-diagram om die inligting voor te stel.

- (b) Hoeveel van die graad 8 meisies neem deel aan al drie die sportsoorte?


- (c) Bereken hoeveel graad 8 meisies daar is.

- (d) Indien een graad 8 meisie ewekansig gekies word, wat is die kans dat sodanige meisie aan al drie die sportsoorte deelneem?

- (2) Die onderstaande Venn-diagram is 'n opsomming van die graad 11 leerders wat Rekeningkunde (R), Bestuurswetenskap (B) of Ekonomie (E) as vakke neem. Bestudeer die onderstaande Venn-diagram en beantwoord die volgende vrae:

(a) Bereken x .

S(120)



(b) Hoeveel leerders neem Rekeningkunde as vak?

(c) Indien een leerder ewekansig gekies word uit hierdie groep, wat is die waarskynlikheid dat sodanige leerder Rekeningkunde en Ekonomie as vakke neem, maar nie Bestuurswetenskap nie?

(3) $S = \{1; 2; 3; 4; 5; 6; 7; 8; 9; 10; 11; 12\}$

A en B is deelversamelings van S met A alle ewe getalle en B alle priemgetalle.

(a) Tabuleer die elemente van A en B.

(b) Stel steekproefruimte (S) met A en B as deelversamelings voor as 'n Venn-diagram.

(c) Skryf die volgende neer:

(i) A' _____

(ii) $A \cap B$ _____

(d) Bepaal: $W(A \cup B)$

(4) Vir twee gebeurtenisse X en Y word gegee dat:

* $W(X) = 0,25$

* $W(Y) = 0,43$

* $W(X \cap Y) = 0,1$

(a) Stel bogenoemde gegewens voor as 'n Venn-Diagram.

(b) Gebruik die Venn-diagram en bereken:

(i) $W(X \cup Y)$

(ii) $W(X')$
